



# DIE Stem VAN DIE Martelare

Augustus 2021

REIS TOT IN DIE  
“ROOI SONES”

2021 FOTO-UITGAWE



[www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org)

“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3





## Verloën Jouself en Reis tot in Jou Rooi Sone

Dit is vir ons 'n voorreg om u hierdie maand op 'n geïllustreerde reis te neem saam met Rolo, 'n voormalige kommunistiese guerrilla, waar hy God se Woord na die oerwoude van Colombië neem – een van die mees afgeleë en gewelddadige gebiede op aarde. Hierdie rooi sones (sien kaart bo) word beheer deur guerrilla se paramilitêre groepe wat teen Colombië se regering gekant is en deur kokaïen-handel befonds word.

Die guerrillas behou mag deur onuitspreeklik wreedaardige dade uit te voer teen hulpelose dorpenaars; en om Christene, veral pastors en hulle kinders, gereeld op haglike wyse te ontvoer en te vermoor. Sommige guerrillas is op grond van hulle ateïstiese kommunistiese ideologie teen die Evangelie gekant terwyl ander daarteen gekant is bloot omdat dit ongerieflik is vir hulle kriminele aktiwiteite.

Ten spyte daarvan dat hy gedreig, geslaan en gemartel was, het Rolo vir

20 jaar voortdurend Bybels in hierdie gebiede versprei. Alhoewel elke reis sy eie risiko's inhou, bring dit ook vir hom groot vreugde wat mens duidelik in sy skitterende oë kan opmerk. By Rolo is daar, selfs gedurende die moeilikste tye, nie 'n gebrek aan 'n vreugdevolle sin van doelgerigheid nie. Hy deel dit met die verskeie honderde rooi sone pastors met wie hy oor die jare in kontak was.

Ons Here het gesê: "As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg" (Matthéüs 16:24). Wanneer ons hierdie roeping van dissipelskap oorweeg, is dit belangrik om te onthou dat Hy vir ons sê dat die eerste stap daartoe selfverloëning is. Om Hom te volg moet ons wegdraai van selfsug, en dit in der waarheid laat sterf.

Hetsy ons dit "oorlewingsinstink" of iets anders noem, in sy kern dien ons gevalle menslike natuur homself. As Christene is ons egter nie ons eie nie. Ons behoort aan

God, wat ons teen 'n groot en geweldige prys gekoop het (1 Korinthiërs 6:20). Die mees algemene wyse waarop ons in die Nuwe Testament geïdentifiseer word, is as diegene "in Christus" (sien Romeine 8:1). Dit is vir ons bestem om een te word met Christus en voortaan vir Sy glorie in die gevalle wêreld te leef. Nogtans word ons selfbelange dikwels ons afgode en kleef ons aan ons begeerte vir vertroosting en veiligheid.

Ek bid dat jy in die volgende bladsye, wanneer jy die vreeslose bediening diep binne Colombië se rooi sones bemerk, God sal vra om jou uit jou gemaksones te lei na jou volgende rooi sone. Mag jy Christus biddend en vreesloos volg in 'n besluit, plek, interaksie of situasie wat vereis dat jy jou wêreldse begeertes agterlaat om Hom te verheerlik. Jy mag dalk ly indien jy sou, maar jy sal die vreugde van die Here en ewige doelgerigheid in ruil daarvoor kry.





Rolo het vir jare Bybels in Colombië se rooi sones versprei. Alhoewel hy nie die enigste een is wat noodsaaklike werk doen nie, het hy 'n unieke toegang tot sommige van die gevaarlikste gebiede omdat hy eens 'n lid van 'n guerrillagroep was. "Gee my die Bybels en die brandstof om dit te neem en ek sal dit daar kry," het Rolo gesê. Rolo se werk vereis van hom om 'n noukeurige logistikus, 'n getroue pastor en, wanneer sy voertuig onklaar raak in 'n geslote gebied, 'n kreatiewe werktuigkundige, te wees.





---


In die gewelddadige rooi sones waar Rolo bedien, is meeste van die dorpenaars betrokke by die plant of prosessering van kokaïne vir dwelmhandel. Om vir dekades te woon onder die baie gewapende groepe, het tot gevolg gehad dat mense baie suspisies raak oor buitestaanders, maar Rolo se vriendelike geaardheid het hulle bemoedig om ontvanklik genoeg te wees om 'n Bybel van hom te aanvaar.






Wanneer Rolo 'n vrag Bybels by 'n groep rooi sone pastors aflewer, dien hy as hulle konneksie met die algehele liggaam van Christus. Hierdie toegewyde mans en vroue bedien in moeilike en gevaarlike plekke en ontvang min bemoediging van buite. 'n Geskenk van Bybels vir hulle gemeentes versterk hulle geloof en verseker hulle dat hulle nie vergete is nie.



A photograph showing two people in a small, narrow boat on a river. The boat is made of a light-colored material, possibly woven or woven reeds. One person is wearing a white hat. They are carrying a large white box with the text 'LEA LA BIBLIA' printed on it. The background is a dense, lush green forest with many trees and hanging vines. The water is dark and reflects the surrounding greenery.

In sommige dele van Colombië se digte oerwoude is riviere die hoofverkeersweë. Houtkano's, wat deur plaaslike inwoners uitgekerf word, is noodsaaklik vir pastors, nie net om Bybels tussen gemeenskappe te vervoer nie, maar ook om kerklidmate en mense na die kerk te neem. Alhoewel die bote noodsaaklike hulpmiddels is, maak dit van Rolo en ander pastors kwesbare teikens om deur gewapende guerrillas op die water aangeval te word.





---


Vir 'n kort wyle het dit voorgekom asof rebelgroepe wat vir dekades teen die regering geveg het, moontlik ontbind het. Ongelukkig het guerrilla- en paramilitêre aktiwiteite egter weer toegeneem. Die gewapende groepe het baie kerke in die afgelope twee jaar gesluit, sommige kerke se deure is met kettings gesluit, ander se lidmate is gedreig of die pastor is vermoor. Christene in die oorblywende gebiede ontmoet baie versigtig en is deeglik bewus dat hulle dopgehou word.





Rolo moet met die Colombiaanse Bybelgenootskap, 'n verskeppings-agentskap en pastors, wat binne ses ure per motorfiets vanaf sy kerk op die grens van 'n rooi sone, bereik kan word, beplan en koördineer om vragte vol Bybels aan pastors te kan aflewer. Die pastors verdeel dan die Bybels onder hulself, volgens hulle nood, voordat hulle dit in hulle huiskerke versprei. Hulle ses-ure motorfietsrit kan tot twee dae verleng word indien paaie en voetpaaie tydens 'n reënseisoen verspoel.





Bybelverspreiding in Colombië is fisies in aanvraag, beide as gevolg van die primitiewe of nie-bestaande paaie en die spoed waarteen verspreiders moet werk sodat hulle nie deur een van die baie gewapende groepe opgemerk word nie. Kommunistiese guerrillas asook hulle regtervleuel paramilitêre groepe gebruik die beskutting van die oerwoud om hulle winsgewende dwelmoeste te plant, te prosessee en te vervoer.





---

Kinders in afgeleë stede en dorpe, wat min hoop het op 'n toekoms wat bokant hulle ouers se bestaansboerderye uitstyg, word deur gewapende groepe gelok deur beloftes van finansiële gewin, of word gedwing om aan te sluit as vervangbare voetsoldate. Die hoop om aan 'n ewige koninkryk te behoort, soos die belofte in God se Woord staan, is die enigste uitweg vir Colombië se toekomstige generasies.



# Gebedsdagboek

Augustus/September 2021

## AUGUSTUS

- S 15 KAZAKSTAN** Bid vir die effektiewe gebruik van tegnologie vir die verkondiging van die Evangelie.  
M 16 PAKISTAN Bid vir Frontlinie Werkers regoor Pakistan.  
D 17 BANGLADES Bid vir Barrun se moedigheid en beskerming namate hy na Moslems uitreik.  
W 18 MEXICO Bid vir SVM se bedieningswerk in Chiapas aan die Chol-mense wat vervolging trotseer.  
D 19 LAOS Bid vir diegene wat 'n vermenging van Boeddhisme en animisme navolg.  
V 20 KENIA Bid vir die wysheid en krag van regeringsleiers wat Islamitiese ekstremisme teë staan.  
**S 21 MALEISIË** Bid dat God 'n einde sal bring aan die regering se korrupsie.  
**S 22 MAURITANIË** Bid dat diegene wat weens hulle geloof gevange geneem is, moedige getuies vir die Evangelie sal wees.  
M 23 TURKYE Bid vir die vertroosting en leiding vir die baie sendelinge wat uit Turkye gedeporteer is.  
D 24 TADJIKISTAN Bid vir uitreikpogings in die oostelike deel van die land.  
W 25 COLOMBIË Bid vir families wat deur geweld geraak is.  
D 26 SRI LANKA Bid vir diegene wat pastors oplei en toerus.  
V 27 VIËTNAM Bid vir Christene wat ontwortel is.  
**S 28 LIBIË** Bid vir diegene wat weens vervolging deur middel van aanlynkerke moet aanbid.  
**S 29 NIGERIË** Bid vir weeskinders wie se ouers deur Boko Haram dood gemaak is.  
M 30 INDIË Bid dat God die harte van vervolgers sal verander en dat hulle na Christus sal draai.  
D 31 FILIPPYNE Bid vir kerkleiers namate hulle bemoediging aan vreesbevange Gelowiges verleen.

## SEPTEMBER

- W 1 SIRIË Bid dat die baie Christenbekeerlinge uit Islam in kennis en geloof sal groei.  
D 2 UGANDA Bid vir Christene namate Moslemorganisasies poog om hulle te lok om van Christus af weg te draai.  
V 3 EGIPT E Bid dat baie deur middel van Bybelverspreiding in die land, Christus sal leer ken.  
**S 4 IRAK** Bid vir Christenbekeerlinge uit Islam in die gebied Baghdad, waar vervolging skerp toegeneem het.  
**S 5 ETIOPIË** Bid vir vrede en stabiliteit onder etniese streeksgroepe.  
M 6 NOORD- KOREA Bid vir Christenwerkers wat Bybels en ander Christelike hulpmiddels in Noord-Korea insmokkel.  
D 7 TURKMENISTAN Bid vir Gelowiges se integriteit te midde van die wydverspreide korrupsie.  
W 8 BROENEI Bid dat Moslems die waarheid oor God en Jesus Christus sal leer.  
D 9 INDIË Bid vir die bemoediging van Christene wat langdurige vervolging trotseer.  
V 10 PAKISTAN Bid vir Bybelvertalingswerk wat gefokus is op minderheid mensegroepe met min toegang tot die Skrif.  
**S 11 KOEWEIT** Bid vir Koeweitse Gelowiges wat gedwing word om hulle families te verlaat weens hulle Christelike geloof.  
**S 12 LAOS** Bid dat Hmong Christene meer vryheid sal hê om Christus te volg.  
M 13 S.A.R. Bid vir kerke in Sentraal Afrikaanse Republiek namate hulle duisende ontwortelde Christene bemoedig.  
D 14 NIGERIË Bid vir diegene in die Miango-streek wat onder herhaaldelike aanvalle deur Moslemhuursoldate, ly.  
W 15 MALDIVE Bid vir diegene wat op 'n Bybelvertaling na Divehi, die Malediviese taal, werk.  
D 16 ASERBEIDJAN Bid vir eenheid en vriendskap tussen kerke en pastors.  
V 17 SOMALIË Bid vir die families van Somaliese Gelowiges wat weens hulle geloof vermoor is.  
**S 18 AFGHANISTAN** Bid vir Gelowiges wat in huise byeenkom vir gebed, bemoediging en aanbidding.

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek [www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org)

### VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

#### Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

#### Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

#### ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centre)

**Tjeks word nie meer deur enige van ons Banke hierbo aanvaar nie.**

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5vm)  
E-pos: [cmi@vomsa.org](mailto:cmi@vomsa.org) | Webtuiste: [www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org) | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Uitvoerende Direkteur: Mnr Ashley Illman - Direkte Selnr: 083 457 4164

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

[www.persecutionsa.org/donate](http://www.persecutionsa.org/donate)